# 1

# die Reg
## op gesondheid



Toegang tot inligting

Toegang tot gesondheidsorgdienste

Toegang tot geskikte behuising

'n Gesonde omgewing

Toegang tot maatskaplike sekerheid

Regverdige administratiewe optrede

Menswaardigheid, gelykheid en lewe

Basiese onderwys

Vryheid en sekerheid van die persoon

Vryheid van godsdiens, oortuiging en mening

laat jou regte vir jou werk

dit is werd om voor te veg

Staan bankvas en sterk

**Goeie gesondheid is jou reg**

CC BY NC SA

# Wat is mense-regte?

- Menseregte is dinge waarop jy kan aanspraak maak juis omdat jy ’n mens is.
- Niemand kan jou regte van jou af wegvat nie.
- Jou regte kan net ingeperk word as dit bots met iemand anders s’n.

## Wat beteken die reg op gesondheid?

Die reg op gesondheid beteken die regering moet sekere dinge voorsien om seker te maak alle burgers van die land het ’n gelyke kans op ’n lang en gesonde lewe. Dit sluit die volgende regte in:

- dat jy kan leef in ’n veilige, skoon omgewing, met skoon water, ’n bevredigende huis, genoeg kos, ’n veilige lewe en onderwys.
- dat jy kan verwag en aandring dat daar mense en plekke is waar daar goed na jou gesondheid gekyk kan word.
- Alle mense – ryk én arm – het die reg om gesond te wees. Die reg om gesond te wees mag om geen rede van geen mens weggeneem word nie.

## Hoekom is menseregte belangrik?

Sodat

- alle mense met respek en waardigheid kan leef.
- jy respek kan hê vir ander mense se menswaardigheid.
- jy daarop kan aandring dat daar aan jou basiese behoeftes voorsien word.
- jy nie uitgebuit of onbillik behandel word nie.

## Hoekom is die reg op gesondheid belangrik?

As jy nie gesond is nie …

- kan jy nie werk nie.
- kan jy nie met jou kinders speel nie.
- kan jy nie jou baba borsvoed nie.
- kan jy nie vir jou familie sorg nie.
- kan jy nie jou ander regte geniet nie. As jy siek is, kan jy byvoorbeeld nie gaan stem of gaan waarheen jy wil nie.

# Die Suid-Afrikaanse regering moet jou menseregte respekteer, beskerm en alles doen wat hulle kan om te sorg dat daar aan jou regte voldoen word.

## HOEKOM MOET DIE SUID-AFRIKAANSE REGERING ONS REGTE RESPEKTEER, BESKERM EN SORG DAT DAAR AAN ONS REGTE VOLDOEN WORD

### Suid-Afrika het die volgende dokumente onderteken:



**1. die Universele Verklaring van Menseregte** *waaroor die Verenigde Nasies (VN) se Algemene Vergadering op 10 Desember 1948 in Parys saamgestem het. In 30 artikels verduidelik die VN se Algemene Vergadering die menseregte wat volgens hulle gewaarborg moet word aan alle mense wat woon in die lande wat hierdie dokument onderteken het:*

*"Almal het die reg om te leef op 'n manier wat voldoen aan hulle behoeftes ten opsigte van hulle gesondheid en welsyn, én aan die behoeftes van hulle familie ..."*



**2. Algemene Opmerking nr. 14 van die VN se Komitee vir Ekonomiese, Sosiale en Kulturele Regte (2000), wat sê:**

*"Gesondheid is 'n uiters noodsaaklike reg van mense sodat hulle hulle ander menseregte kan uitleef . Elke mens is daarop geregtig om die grootste mate van gesondheid te geniet wat sal verseker dat hulle 'n menswaardige lewe leef."*

### Boonop verbind Suid-Afrika hom in sy Grondwet daartoe om mense se regte te beskerm en te bevorder:



*Die Grondwet van Suid-Afrika, nr. 108 van 1996, geld vir alle mense wat in Suid-Afrika bly. Dit sê dat jou regte as mens gerespekteer moet word in die hof, deur die parlement, deur privaat organisasies en ander mense.*

*Die Handves van Regte in die Grondwet, artikel 27 (1) (a) sê elke mens het die reg om toegang te hê tot mense en plekke waar daar na hulle gesondheid omgesien kan word. Dit geld ook vir hulle vermoë om kinders te hê.*

*Dit bepaal ook dat die regering alles in sy vermoë moet doen om deur middel van wette en op ander maniere te sorg dat hierdie reg op gesondheid in al hoe meer mense se lewe 'n werklikheid word.*

### Die Handves van Regte sê verder:

*Elke mens het die reg :*

- *om te woon in 'n omgewing wat nie skadelik vir sy of haar gesondheid of welsyn is nie;*
- *om te woon in 'n omgewing wat deur regverdige wette en ander maatreëls beskerm word, ter wille van die huidige en die toekomstige geslagte.*

laat jou regte vir jou werk
dit is werd voor te veg om
Staan bankvas en sterk
Goeie gesondheid is jou reg

cc BY NC SA

Kontakbesonderhede vir meer inligting:

**The People's Health Movement**
Tel.: 021 9326042
Faks: 021 9327707
Url: www.phmovementsa.org
E-pos: PHMsouthafrica@gmail.com

**Open Democracy Advice Centre**

| | |
|---|---|
| Fisiese Adres: | 6 Spin straat, Kaapstad |
| Tel.: | +27 21 467 5673 |
| Faks: | +27 21 461 2814 |
| E-pos: | odac@opendemocracy.org.za |

1. **Die reg op gesondheid**
2. Gemeenskapsbetrokkenheid en die reg op gesondheid
3. Die Handves van Pasiënteregte
4. Individuele en gesamentlike regte in openbare gesondheid
5. Toegang tot inligting, en die reg op gesondheid en gesondheidsorg
6. Regte en hulpbrontoekenning

People's Health Movement UNIVERSITY OF CAPE TOWN Oxfam

Ontwerp en uitleg deur Designs4development, e-pos: info@d4d.co.za